

28 OKTOBER 2018

09:00 Hervormingsfees & Nagmaal

Immanuel van Tonder

Diep verbind aan Tafel

Geen Jnr. Kategese of Kleuterkerk a.g.v Nagmaal

18:00 Nagmaalsfees en Pelgrimsgroepe

(Snr. Kategese)

Peet Crous

Die Nagmaal is 'n vreugdefees

Oktobermaand is tradisioneel dankiemaand in Lynnwood en baie ander gemeentes regoor die land.

U het reeds 'n brief en 'n e-pos ontvang oor ons dankiemaand wat tot die einde van November strek.

Oorweeg die saak asseblief ernstig.

4 NOVEMBER 2018

09:00 Erediens – Kerk (Dooop)

Immanuel van Tonder

09:00 Gesins-Kerssangdiens (Saal)

Peet Crous

Jnr. Kategese &
Kleuterkerk
afsluiting




09:30 Lynnwood Oord-Kerssangdiens

Johan Jooste & Musica Vivendi

18:00 Aanddiens en Pelgrimsgroepe (Snr. Kategese)

Fay van Eeden

Meer inligting oor die Knibbelmark op die agterblad!



Nagmaalsfees – Aanddiens van 28 Oktober

Kom vier saam nagmaal om die tafel.

Ons verskaf heerlike vars gebakte brood.

Bring jou pikniekmandjie met eetgoed, wyn/sap vir die nagmaal en koeldrank saam.



Baie welkom aan alle besoekers en nuwe intrekkers. Ontmoet gerus die predikant na die oggenddiens by die liturgiese ruimte. Skryf asseblief ook u naam in die boek in die portaal of skakel die kerkkantoor. Ons wil u graag verwelkom. Besoek ook gerus die Info-toonbank na die diens vir enige navrae.

Die week se kalenderaktiwiteite


Maandag:	Kersmarkvergadering 18:00 (Koinonia) Kerkradsvergadering 19:00 (Koinonia)
Dinsdag:	Bybelstudie 08:15 (Nerina Deale, Elveramstraat 51, Lynnwood Glen, 012 361 1896) – Peet Crous 012 348 4004 / 079 893 5572. Bybelstudie 08:30 (Kapel) – Eric Scholtz 012 361 4219 / 082 856 5959. Tabita Naaldwerkklasse 14:00 (Kerksaal) – Selma du Preez 082 448 6413. Nuwe Generasie Bybelskool 19:00 (Sjêk) – Jakkie Strachan 084 547 1660.
Woensdag:	Kleingroep vir Mammass met babas en kleuters 10:00 – 11:30 (in die jeugsentrum) – Liesel Strasheim 082 344 4323 of Fay van Eeden 083 478 0854. "Young couples"-omgeegroep 19:00 – Fay van Eeden 083 478 0854.
Donderdag:	Bybelstudie 09:30 (Lynnwood Oord). Tabita Naaldwerkklasse 14:00 (Kerksaal) – Selma du Preez 082 448 6413. Jong Volwasse Bybelstudie (Sjêk) – Fay van Eeden 083 478 0854.
Vrydag:	Gebedsgroep 09:30 (B5). Kontak: Hanthi Jacobs 012 361 9058 / 083 293 0263 of Peet Crous 012 348 4004 / 079 893 5572 met gebedsversoeke. Bybelstudie 08:00 (Kapel) – Eric Scholtz 012 361 4219 / 082 856 5959.

Voorbidding

Wolf en Marie Weidemann, 9 Berghang, Twigstraat, Lynnwoodrif, 012-361 3728 bedank die gemeente hartlik – al die gebede het hulle deur die moeilike tyd gedra. Dit gaan elke dag beter.

Peet en Fay van Eeden, Alpineweg 330A, Lynnwood, 082 847 4766 – Peet se Ouma oorlede. Begrafnis was Vrydag.

Paul Lombard, seun van oorlede Prof Samuel Lombard, is ernstig siek in Singapoer. (Peet Crous 079 893 5572).



Interessante dokumentêr word op 4 November om 12:00 in die Atterbury teater vertoon. Meer inligting beskikbaar op ons webblad.

VIR OUD EN JONK. ALMAL WELKOM!



Aanbiddingsleier-vakature - inligting op die web.

Oorweeg asseblief biddend 'n dankoffer d.m.v. een van die volgende wyses: koevert, aftrek- of debietorder of elektroniese oorplasing.
Bankbesonderhede:
NG Lynnwood, ABSA Takkode: 632005, Tjekrekening nr. 540 580 014 (gebruik asseblief u Voorletters en Van as verwysing) en e-pos bewys van betaling aan finansies@nglynnwood.co.za of Snap Scan.



Snap here to pay

SnapScan

Kontak van die week:

Lynnwood se kerkgebou is vanjaar op 16 November vyftig jaar gelede feestelik in gebruik geneem. Ons vier dus vanjaar hierdie mooi geleentheid. Met die oog daarop gaan die Kontak oor die volgende paar weke deur lidmate en oud-predikante geskryf word.

ECCLECIA REFORMATA SEMPER REFORMANDA

Daar's 'n groot verskil tussen *wat werk in 'n gemeente* en *wat maak dat 'n gemeente werk*. Lynnwood gemeente het meer as 50 jaar gelede besluit dat die antwoord hierop vir hulle lê in die verstaan en uitleef van die hervormers van die 15de eeu se woorde *ecclesia reformata semper reformanda* ... dis wat hulle ook op die gedenkplaat hier buite laat skryf het met die inhuldiging van die kerkkompleks in 1968. Op gewone Afrikaans sê dié Latynse woorde... 'n kerk van die reformasie reformeer altyd. Julle wat al lankal in hierdie gemeente is - sou julle sê dat die gemeente oor die afgelope 50 jaar *bly reformeer* het soos wat hulle met hierdie leuse hulle voorgeneem het? Voor ons die vraag antwoord, sal ons mekaar teminste moet kan vind oor wat met die *gereformeerde* rêrig bedoel word.

Baie mense dink dat die *reformeerde* te make het met dit wat alles hier in die gemeente moet gebeur, sodat die kerk Sondae vol mense kan wees... 'n soort aanvoeling wat jy moet hê om te weet watter goeters ons moet verander en waaraan ons nie moet karring nie, sodat mense graag hier wil wees. Oor die afgelope 50 jaar het hier al heelwat dinge in Lynnwood Gemeente verander... Die eerste kerkraad het gevoel *blomme* hoort nie hier in die liturgiese ruimte nie, want dit kan die aandag aftrek van die liturgiese simboliek wat hier is. Intussen het ons nie net elke Sondag die mooiste blomme rangskikkings nie, ons het sommer liturgiese bande teen die mure ook gehang en die hele liturgiese ruimte verander en sommer 'n dataprojektor en –skerm ook hier ingeplak. Destyds het die kerkraad en gemeente vir maande aaneen beplan en vergaderings gehou om 'n *kerkkompleks gebou te kry* waar 1200 mense Sondae kerk sou kon hou..., maar dit moes nie meer as R200 000 kos nie, want hulle was toe maar net 'n gemeente van 328 lidmate. 'n Paar jaar gelede moes ons hierdie kerkkompleks opgradeer en ook effe verander. En dit het ons byna sewe miljoen Rand gekos. Destyds kon net met die toestemming van die kerkraad aan *die liturgiese orde van die erediens* verander word. Daarom het elke lidmaat ook 'n gedrukte liturgiese boekmerk gekry met die presiese volgorde van 'n erediens daarop. Dis hoe dit gewerk het... die twee belangrike "v's" in enige erediens was... *voorspelbaar* en *vas*. Vandag is daar net een "v" by elke erediens, dis 'n *verrassing*. Destyds het die kerkraad presies geweet wie waar woon en gesorg dat al hierdie *binne-gemeente-grense-woonende-lidmate* hierheen kerktoe kom. Vandag kom mense hiernatoe omdat hulle wil kom, maak nie saak waar hulle woon nie. Die hele storie oor wie lidmate wil wees het ook helemal verander... die een groep wat jy vandag kry, wat ook destyds hier was, is die sg *inside insiders*... die binnekring kerkfamilie... julle wat elke Sondag hier in die kerk wil wees / oral in die gemeente betrokke is / altyd bereid is om van jou tyd/ geld / talente vir die gemeente te gee. Maar sedertdien het daar 'n nuwe soort lidmaat ontstaan, die sg *inside outsiders*... hulle kom nog net kerktoe vir doop, dood, troues en miskien Kersfees. Hul name is nog op die lidmaatregister, maar die kerk het hulle verloor of dalk het hulle die kerk verloor. Jy sal van hulle op voorname ken... van jou vriende / kinders / kollegas. Die derde groep, die sg *outsiders* is mense wat gladnie in die kerk is of wil wees nie. Die groot vraag is nie hoe bepreek ons jou of laat jou skuldig voel oor hulle wat nie hier is of wil wees nie... maar watse voorbeeld gaan ek en jy 24/7 wees vir hulle wat veronderstel is om vanmôre ook hier met ons te wees?

Wat moet in Lynnwood verander om 'n plek te raak waar mense graag wil wees? Dit gaan dalk selfs oor meer as die vraag wat alles moet verander... Miskien is dit eerder 'n geval van hoe ek en jy nuut moet dink en anders voel oor wie almal hier moet wees. 'n Mens kan alles wil verander of niks verander nie net om die kerkbanke te probeer volhou, maar dan loop jy die risiko dat die kerk se voor- en agterdeur ewe groot raak in terme van wie die mense is wat hier wil inkom en die wat op die ou end ook uitloop en wegraak. Die ongelooflike moeilike vraag is nie net wat werk in 'n gemeente nie, maar wat maak dat Lynnwood gemeente werk. Ek dink dis wat bedoel word met daai *bly reformeer* storie... (Verkort. Lees die volle oordenking in die elektroniese weergawe van die Kontak)

Johann Voges

Lynnwood Aand-Knibbelmark – 24 NOVEMBER

Dit is weer tyd vir ons Kers-aandmark en hierdie jaar is dit in die vorm van 'n knibbelmark waar klein happies sorg vir groot bederf. Ons benodig mense om vir die volgende stalletjies verantwoordelikheid te neem. Indien jy, jou gesin, jou vriendegroep of kleingroep een van die onderstaande stalletjies (of enige ander stalletjie) wil behartig kontak asseblief vir Fay (083 478 0854)

- Enige tapas
- Rugby-snoepies (biltong, droëwors ens), want daar is groot rugby daardie dag wat ons saam op die grootskerm gaan kyk
- Gebak (koek, vrugtekoek, koppie-koekies, yskastert, souttert ens.)

Kan jy help met 'n skenking van...?

Poeding – Maretha Brits (073 267 7019)

Blomme en/of plante – Nerine Ahlers (082 373 3319)

Tuigemaakte produkte soos byvoorbeeld beskuit, konfyt, ens. – Bettie Hammann (082 550 5079)

Wyn – Peet Crous (079 893 5572)

Tuigemaakte koekies – Fay van Eeden (083 478 0854)

Tuigemaakte lekkergoed Hannelie van Tonder (083 452 0441)

Suiker, meel, eiers of melk – Elmarie Weyers (082 455 5665)

Vleis (wors, maalvleis, koue vleis), biltong, droëwors – kerkkantoor (012 348 1245)

Tuigemaakte gemmerbier of blikkies koeldrank – Chris Strydom (079 871 7079)



Gemeenskap

Kuns Uniek (25jr) 17 Okt - 18 Nov 2018 by Chappiesweg 331, Lynnwood: Skilderye, Keramiek, Beelde en Juwele. Dinsdag tot Vrydag vanaf 10:00 – 18:00; Saterdag en Sondag 10:00 – 17:00 (Maandag gesluit). Navrae Marie Spruyt 083 268 8713.

Herwinningshouers is in die parkeerarea (Sussexlaan) – bring gerus herwinbare artikels.

Kennisgewingborde: Indien u 'n kennisgewing op die borde wil plaas, bring dit asseblief na die kerkkantoor of Info-toonbank – baie dankie vir u samewerking in dié verband.



Motorwagdonasies: Houers in die portaal beskikbaar – dankie vir u ondersteuning.


Byderhand: Kragonderbrekings: 012 339 9111 (080 111 1556 tolvy) of SMS "power" gevolg deur jou rekeningnommer na 082 612 0333. Straatligprobleme: 080 111 1556 of e-pos

customercare@tshwane.gov.za. Slaggate en/of robotte uit: e-pos customercare@tshwane.gov.za.

Water probleme: 012 358 2111 of 012 327 0147 of e-pos customercare@tshwane.gov.za. Watermeterlesings (deurgee) – rooster vir 2018 beskikbaar by www.tshwane.gov.

Kontak ons: 012 348 1245, kerkkantoor@nglynnwood.co.za. Web: www.nglynnwood.co.za

Ma – Do 07:30 – 13:00 en Vry tot 12:00. Koster: Juan Ferreira 084 588 4948. Kombuis: Maretha Brits 073 267 7019.

Kom  ons en gesels saam op Facebook by Lynnwood Gemeente,

Nuwe Generasie (@nuwegenerasielynnwood) of Musiek at Lynnwood Gemeente.